

Die AWB se bestaan word deur sy daad vir hierdie volk geregverdig. Verraad is ook deur sommiges gepleeg wat die organisasie in die steek gelaat het. Baie het gestem en Viljoen se "vreedsame weg" gevolg, wat vandag die lewe van honderde plaasboere kos. Viljoen het beloof dat 'n volkstaat binne ses maande vanaf die verkiesing sou realiseer. Vandag is dit agt jaar gelede. Baie was bang vir vervolging, sommiges is land uit, baie staan nog waar hulle gestaan het en sal nie buig voor die "edele barbaar" nie. Ons buig voor niemand behalwe ons God nie!!

Elke werklike vryheidsdaad, elke werklike weerstand wat nog deur die Boerevolk van vandag gedemonstreer is, is deur persone gedoen wie se wortels in die AWB lê. Daarmee kan nie gesê word dat geen ander organisasie iets van belang in die volk se vryheidstrewer vermag het nie, maar die AWB het tot dusver die leiding geneem ten opsigte van daad. Te veel AWB bloed het al gevloei vir hierdie volk. Te veel AWB's sit in die tronke vir hierdie volk.
Die AWB is die gewete van die Boerevolk!

Sedertdien word mnr. Terre'Blanche steeds lastig geval met aanklagtes en word hy en die AWB deur die media, selfs deur volkseie media, geboikot. Die AWB het vir baie 'n te warm patat geword. Sy embleem, die drie sewes, het as gevolg van Joodse aandrang 'n swastika geword. Baie mense sê die AWB het 'n slegte naam gekry, die AWB is nie meer so populêr nie en ander, die AWB is niks anders as politieke boewe nie. Het alles in die land en in die totale wêreld, wat behoudend is en vir die waarheid staan, nie 'n slegte naam gekry nie? Het die Israeliet, Jesus Christus en Boer nie vandag 'n skelwoord geword en 'n slegte naam gekry in die oë van die wêreld nie? Laat ons nie in die hande van ons vyande wat die AWB en die Boerevolk se einde wil sien, speel nie. Die AWB is gegrond op Israelietiese beginsels en sy embleem simboliseer die oorwinning van goed oor sleg. Hoe kan hy 'n slegte naam kry? As gevolg van reghoofte het die finansiële las personeel van die AWB kantore genoodsaak om hul eie potjie te krap en is die organisasie, weereens ook uit sogenaamde volkseie geleedere, beskinder dat hy sy kamerade in die steek gelaat het.

Die AWB het teen geen van sy kamerade gedraai nie. Nog minder is hulle vergeet. Baie kamerade het toegelaat dat hulle mislei word om te glo die organisasie het van hulle vergeet en weggebreek en/of uitsprake teen die organisasie en sy leiers gemaak. Die uitwerking van die verdeeldheid het negatiewe gevolge, selfs vir die hele Boerevolk. As die eenheid eers krake toon stuur dit 'n negatiewe beeld uit en laat dit die vryheidsvegters as kriminele voorkom. Om as vryheidsvegter in die gevangenis te sit maak jou verhewe bo gevangenes wat gevonnissen is vir misdade. Elke politieke gevangene, wat niks minder as krygsgevangenes is nie, moet onthou dat al voel hy teleurgestel en/of verstote, die vryheidstryd is nog nie verby nie. Dit het maar pas begin.

Dit het tyd geword dat die volk vernuwe word in sy denke en nie toelaat dat tweedrag en persoonlike vooroordeel die oorhand oor ons kry nie. Elke volksgenoot het 'n verantwoordelikheid teenoor God, homself, sy gesin en volk om getrou aan sy eie te bly. Dit is nie rassisme nie, dit is nasionalisme. Lank leef die Stryd, lank leef die Boerevolk!!

Of jy van Eugène Terre'Blanche hou of nie, of jy met hom oor alles saam stem of nie, is nie van belang nie. Hy het 'n passie vir sy volk en het homself te na gekom terwille van 'n ondankbare volk. Hy het nie tot die politiek toegetree omdat dit 'n rooskleurige beroep was nie. Sy loopbaan in die destydse Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) was goed op dreef en hy sou heel moontlik 'n generaal afgetree het. In die politiek sou hy ook baie verder gevorder het indien hy destyds by die "regte" party aangesluit het. Nee, Eugène Terre'Blanche het verkies om buite die party politieke te bly.

Dit het nie vir hom gegaan oor roem of finansiële gewin nie. Hy het nie na 'n voordelige beroep gesoek nie. Selfs na die 1994 verkiesing is hy male sonder tal genader om hom verkiesbaar te stel sodat hy in die parlement kon gaan sit. Finansiële sou hy definitief daarby gebaat het. Maar nee, hy kan nooit deel vorm van 'n stelsel wat hy nie erken nie. Dit gaan steeds oor 'n volk se vryheidsideaal, die kleinste volkie met die modernste taal in die wêreld, die volk wat teen die magtigste ryk van sy tyd - Brittanje geveg het, die volkie wat deur dieselfde oorlog amper totaal vernietig is deurdat nagenoeg 23% van sy bevolking in konsentrasiekampe vermoor is, die volkie wat op 'n tyd as die armste volk ter wêreld beskou is, die volkie wat meer vir ander volke gedoen het as wat hy vir homself gedoen het. (Opreg kan gesê word: Nog nooit is so baie gedoen vir so baie deur so min nie. Hierdie volk is nou weer sy vryheid ontnem.) Hy was uit die volk vir die volk. Miskien het hy foute gemaak, wie het nie? Nooit sal.

Die groot bedreiging

In die tagtiger jare het mnr. Terre'Blanche meer openbare gehore toegesprek as enige politikus. In 1987 nagenoeg een openbare vergadering elke derde dag. Die AWB was die vinnig groeiendste organisasie in Suid-Afrika. Die Nasionale Party (NP) het die AWB gevrees en wou selfs nie met die organisasie praat nie, terwyl hulle toe reeds planne gemaak het om met revolusionêre organisasies soos die African National Congress (ANC) te praat.

Met hierdie groei was die AWB reeds die grootste politieke organisasie wat ingeskrewe ledetal betref. Indien hierdie groei volgehou kon word sou die AWB 'n onstuitbare mag word. Die organisasie besluit egter om uit die party politiek te bly. Die NP weet dit en gebruik hierdie argument om mnr. Terre'Blanche en die AWB te ontduik. De Klerk skryf aan mnr. Terre'Blanche dat die NP slegs met die AWB sal praat indien die organisasie aan die party politiek deelneem. Mnr. Terre'Blanche skryf terug aan de Klerk (8 April 1988) om onmiddellik te bedank as Parlements lid van Vereeniging, sodat 'n tussenverkiesing daar gehou kan word. Hy wat Eugène Terre'Blanche is, sal hom in sy eie kiesafdeling opponeer. Mnr. Terre'Blanche herbevestig egter dat die AWB nie tot die party politiek sal toetree nie, maar dat hy in sy eie hoedanigheid sal optree.

Jani Allan

Hier bars die bom. Alles moet gedoen word om mnr. Terre'Blanche uit die party politiek te hou. Indien Terre'Blanche in die parlement sit sal hy die NP dwarsboom om wetgewing deur te voer wat op die ou end 'n een mens een stem verkiesing teweegbring sal bring. Die moontlikheid bestaan selfs dat die NP op demokratiese wyse verslaan kan word indien hy eers in die parlement is. Terre'Blanche moet weg! Die Jani Allan petalje tref die media. Nasionale Pers skryf vir dae, weke en maande aaneen op hul voorblaai teen mnr. Terre'Blanche en die AWB. 'n Koerant soos Beeld het byvoorbeeld so uitgevaar teen mnr. Terre'Blanche dat daar skaars plek in sy uitgawes was vir ander nuus. 'n Hofsaak spruit uit die hele aangeleentheid, wat, alhoewel die saak uit die hof gegooi word as gevolg van die ongeloofwaardigheid van staatsgetuies, die media hom skuldig verklaar. Tot vandag toe is daar nog mense wat glo wat Beeld en kie oor mnr. Terre'Blanche geskryf het was waar.

Slag van Ventersdorp

Om te bewys dat daar geen "no go" areas vir die regering van die dag is nie, besluit de Klerk om 'n handjievol volgelingen op Ventersdorp toe te spreek. Die AWB dring aan om aan de Klerk vrae te vra na aanleiding van die voorval vroeër die jaar waar die polisie op Boere geskiet het by Goedgevonden. Buite de Klerk se "geslote" vergadering raak die polisie en AWB handgemeen, wat op 'n heen en weer geskieterij ontaard. Menigte mense word aan albei kante gewond. Twee Boere sterf as gevolg van 'n minibus en bakkie wat tussen die skare injaag en een AWB lid word deur die polisie gedood. De Klerk verlaat Ventersdorp per Kasper en vergeet skoon om die koekies en tertjies van die NP tannies te nuttig. Hierdie gebeurtenis is die eerste konfrontasie tussen die AWB en die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) wat op 'n skietgeveg afloop. Die goeie verhouding tussen die SAP en die AWB lei skipbreuk en die AWB maak dit duidelik dat hy nie gemanipuleer sal word deur de Klerk nie.

De Klerk se verraad

Die NP regering kondig nuwe wetgewing aan wat die ANC en ander Kommunistiese organisasies ontban, Nelson Mandela en ander terroriste uit die gevangenis ontslaan en die weg baan vir die onwettige demokratiese verkiesing in 1994:- 2 Februarie 1990: De Klerk kondig aan dat sowat dertig verbode organisasies gewettig word. Apartheid word afgeskaf.- 11 Februarie 1990: Nelson Mandela word vrygelaat.- 5 Junie 1991: Groepsgebiedewet word herroep.- 17 Junie 1991: Verpligte rasseklassifikasie word deur die regering laat vaar. 20 Desember 1991: Gesprekke oor magsdeling tussen die NP regering en sestien anti-apartheidsorganisasies begin. (Kodesa)

Referendum

Eers moet die volk self kies. 'n Referendum word afgekondig. Die probleem is dat die vraag waarvoor die volk moet "ja/nee" stem so swak geformuleer is dat dit verwarrend van aard is. Die AWB besluit om die referendum te boikot. Die twee regse partye, die Konserwatiewe Party (KP) en die Herstigte Nasionale Party (HNP) sê egter hulle gaan stem. Die AWB gooi sy gewig ook in om de Klerk te probeer stop. Die meerderheid kiesers, sowat 70%, stem "ja" en so kapituleer nie die regering nie, maar die volk self op 18 Maart 1992. Beloftes van vooruitgang, ekonomiese groei, opheffing van sanksies en dreigemente van oorlog indien die "nee" stem wen help egter die kieser om sy keuse te maak.

Volksmobilisasie

Die AWB weier om die land te laat oorgaan aan die kommuniste en mobiliseer deur die stigting van die Wenkommando's. Opleidingskampe word reg oor die land gehou. Die tyd is min en baie moet vermag word. Mense sluit by die AWB Wenkommando aan in hul duisende. Om die regering van plan te laat verander word die een na die ander magsvertoon gedemonstreer. Optogte deur kommando lede en Ystergarde lede in uniform het gestrek vir kilometers aaneen. Die een na die ander stadsraad gee aan die AWB die Vryheid van die dorp. Die uitgee van die dorpe se vryhede was so baie dat dit net nie moontlik was om almal met seremoniële eerbetoon in ontvangs te neem nie. Meer as dertig dorpe verklaar dat hulle wil deel word van 'n eie tuiste vir die Boerevolk.

Israeliet Volksfront

'n Vergadering ten doel om alle volkseie organisasies byeen te bring word gehou en die Israeliet Volksfront (AVF) kry in Mei 1993 gestalte. In hierdie front word bykans alle volkseie organisasies en leiers verteenwoordig. Constand Viljoen gee aan die vergadering sy versekering dat hy die meerderheid van die weermag agter hom het. Met die afkondiging van 'n volkstaat sal hierdie weermag lede die weermag vorm van die volkstaat. Om die land te destabiliseer moet die AWB die stede lam lê.

Vryheidsalliansie/Cosag

Verskeie tuisland leiers, Brigadier Oupa Gqozo (Ciskei), President Lukas Mangope (Bophuthatswana) en dr. Buthelezi (Kwazulu), wat toe reeds op 27 September 1992 aan die Kodesa samesprekings onttrek het, kondig aan dat hulle ook hul onafhanklikheid wil behou en grondgebied vir hul volke opeis. Hulle wil nie deel vorm van 'n eenheidstaat nie. Hulle sluit 'n verdrag met die AVF, wat alle organisasies en volksleiers verteenwoordig, om almal mekaar sal by te staan en te verdedig teen aanvalle aangesien almal 'n konfederasie voorstaan en die reg van volke erken om hulself te regeer. Cosag word gestig.

Die wêreld sit regop

Om aan die regering van die dag en die wêreld te demonstreer dat die volk nie wil deel wees van die "nuwe" Suid-Afrika nie, word 'n protes optog by die Wêreld Handelsentrum, waar die NP-regering met ander liberale en kommunistiese organisasies onderhandel, gereël. Hier vertoon die volk sy weerstand en breek deur die polisie versperrings en neem die hele gebou oor. NP ministers en ANC terroriste skarrel om uit die pad van die Boere te kom. Roelf Meyer en Ceril Ramaphosa word agter 'n yskas gevind waar hulle wegkruip. Amper soos twee verliefdes wat in die geheim ontmoet. Die Volk se optrede weergalm tot binne die Pentagon en die wêreld word bewus van die Boerevolk wat hul vryheid opeis.

Die polisie gee die versekering dat geen vervolging sal plaasvind nie indien die AWB onttrek aan die sentrum (nou Ceasers Palace kasino). Selfs na voorstelle om alle verraaiers en terroriste in die gebou tereg te stel en sodoende 'n staatsgreep af te kondig, word besluit om aan hulle genade te betoon en sodoende die respek vir ons saak te verkry. Dieselfde aand word die eerste arrestasies van AWB offisiere uitgevoer. Net AWB's word vervolgt. Die tragedie van die dag is dat Constand Viljoen en Ferdi Hartzenberg die AWB se optrede veroordeel het, al het hulle daaraan meegedoen.

Die vraag word gevra: Waarom het hulle die daad veroordeel? Die doel was tog bereik. Die wêreld het bewus geword van die Boer se weiering om deel te word van 'n eenheidstaat en die partye wat aan die onderhandelinge deelneem, het ook tot die besef gekom dat die Boerevolk 'n mag is om mee rekening te hou. Terloops, Constand Viljoen was reeds voor hierdie gebeurtenis deur die veiligheidsmagte bewaak. Hy was die enigste regse "leier" wat deur die veiligheidsmagte bewaak was gedurende die tyd.

Slag van Mmabatho

Chaos breek in Bophuthatswana uit. Die land se stabiliteit word bedreig deur ANC optogte en plundering om die tuisland te dwing tot oorgawe deur aan die verkiesing deel te neem. Hierop roep pres. Lukas Mangope die hulp van die AWB in. Iets wat hy tot vandag ten sterkste ontken. Al beweer hy hy het die hulp van Viljoen en die AVF gevra, was die AWB deel van die AVF. AWB lede was opgeroep selfs vanaf AVF kantore om te kom help. Die oproep instruksie is: Wapens en voedsel sal voorsien word deur die Bophuthatswana weermag. Almal sal Bophuthatswana weermag uniforms kry, met wapens uitgereik word ens., ens.. Op 10 Maart 1994 beweeg die AWB Bophuthatswana binne.

Na woonbuurtes en besigheidsentrums beveilig was, word die AWB geroep om by die Lugmag Hoofkwartier bymekaar te kom vir verdere beplanning. Hewige argumente met onder andere Rowan Cronje, Bophuthatswana se Minister van Buitelandse Sake, Jan Breytenbach van die AVF (wat deur Constand Viljoen gestuur is en in bevel van die operasie sou wees) en die AWB leierstruktuur ontstaan. Op versoek van Cronje en Breytenbach onttrek mnr. Terre'Blanche tot op 'n plaas buite Mmabatho, waar hy die situasie per radio monitor. Sy teenwoordigheid in Bophuthatswana sou glo die mense se gemoedere opjaag. Na mnr. Terre'Blanche se vertrek word die AWB ook versoek om te loop, al verklaar die AWB hul bereid om onder Breytenbach se bevel te veg. Die AWB onttrek. Breytenbach en 'n paar AVF-lede bly egter om tot aksie oor te gaan en stabiliteit in die land te herstel. Van hierdie aksie het tot vandag toe niks gekom nie. Die ANC kry die oorhand en dwing die Bophuthatswana regering tot deelname aan die verkiesing.

Daar kan met reg gevra word, indien die AWB ongenooïd Bophuthatswana binnegekome het, waarom is hulle toegelaat om die Lugmag hoofkwartier binne te gaan? 'n Land sal tog nie ongenooïde gaste in sy weermagbasisse huisves nie.

Met die onttrekking van die AWB, verlaat 'n voertuig die konvooi om te hervul met brandstof. Met sy poging om by die konvooi aan te sluit word die voertuig tot stilstand geskiet en die tragedie wat male sonder tal op televisie vertoon was, vind plaas. Op pad uit Bophuthatswana uit, word die AWB in verskeie hinderlae gelei waar op hulle geskiet was met outomatiese geweervuur en mortiere. Die manne het terug geskiet en verskeie gewondes en dooies is aan Bophuthatswana kant agtergelaat. Die indruk is deur die media gelaat dat die AWB-lede wild en wakker op onskuldige swartes geskiet het wat langs die pad geloop het. Die waarheid is dat daar op hulle geskiet was vanaf die Bophuthatswana weermag asook deur aktiviste in burgerlike drag, vanuit huise en vanaf samedromming van mense. Dit is net logies dat mense in die spervuur kon seerkry.

Met die gebeure in Bophuthatswana word die indruk gelaat dat die NP regering die Boerevolk se eie Sharpville wou veroorsaak. Waarom is die AWB dan ten eerste toegelaat om Bophuthatswana binne te gaan indien hulle onwelkom daar sou wees, en tweedens waarom is hulle in hinderlae gelei en op geskiet vanuit Nyala pantser voertuie? Derdens, waarom is drie AWB-lede op presies die plek waar die media saamgedrom het, vermoor? Hierdie moorde moes as afskrikmiddel vir die Volk dien. Vrouens en moeders moes hul mans en kinders afraai om te veg vir hul vryheid. Wie wil tog so sterf? Dit het die regte teelaarde vir die "vreedsame" alternatief geskep.

Vryheidsfront - Constand Viljoen se verraad

Na die Bophuthatswana episode verbreek Constand Viljoen alle betrokkenheid met die AWB. Hy beskuldig die AWB daarvan dat hy te ongedissiplineerd is en registreer die Vryheidsfront op 12 Maart 1994, wat die verkiesing in 1994 binnegaan. Die gebeure tydens die Slag van Mmabatho, waar drie AWB-lede ten aanskou van die wêreld afgemaai is, het die geleentheid geskep vir hierdie "vreedsame" weg.

Weereens laat Viljoen vrae agter. Was hy miskien 'n agent soos wat baie mense voorspel wat moes keer dat die Boerevolk 'n militêre bedreiging vir "demokrasie" word? Die AWB was nie so ongedissiplineerd soos wat hy sê nie, hoe kon daar dan net drie van sy lede gesterf het terwyl hulle in die een na die ander lokval in gelei was? Waar was al sy soldate wat sou geveg het? Hulle kon geen magsvertoon lewer nie.

In die Britse blad, Africa Confidential, 3 Junie 1994 word geskryf: "Significantly the Freedom Front's Gen. Constand Viljoen and General Tienie Groenewald, a former intelligence chief, have become allies of the new government and are feeding intelligence on the far right to the reconstructed DMI. Africa Confidential has learned it was Gen. Viljoen who passed key intelligence to DMI which led to the arrest of the first two of 33 far right wingers, including key officials of the Israeliet Weerstandsbeweging (AWB) in connection with the series of bomb blasts before the election"

Viljoen, wat hoogverraad gepleeg het, was toe op die ou einde nie 'n generaal se alie werd nie. Sy gelyke word in generaals Jan Smuts en Louis Botha gevind. Op die militêre kant het hulle geslaag, maar in die politiek het hulle skandelik gefaal. Die oomblik van aansien was te groot en miskien die vooruitsig na 'n lekker groot pensioen ook.

Op die einde was hulle 'n steen tot aanstoots. Mag ons dit nooit vergeet nie.

AWB HERGROEPEER VIR GROOT OFFENSIEF

Baie berigte in die media wou dit hê dat die AWB nou 'n nuwe pad inslaan. Die AWB slaan egter nie 'n nuwe pad in nie, maar is nog op dieselfde pad as wat hy sedert sy klein bestaan in 1973 op was, op pad na ons eie, vrye Boererepubliek. Wat verander het, is die metodes om daar te kom.

In die media is mnr. Eugène Terre'Blanchè aangehaal dat hy versoening najaag, tot bekering gekom het en die AWB demilitariseer. Dit is waar! Die AWB en mnr. Terre'Blanchè is nog altyd verbind tot versoening, wat vrede beteken. Hierdie vrede is egter nie dieselfde as wat die wêreld en Tutu van praat nie, maar versoening met volke en nie met rassistiese, kommuniste organisasies soos die ANC, SAKP en PAC nie. Versoening beteken nie verknegting nie. Mnr. Terre'Blanchè was nog altyd 'n godsdienstige man, maar het volgens sy eie belydenis, nie altyd sy Skepper eerste in sy lewe en die van die AWB geplaas nie. God is maar altyd net saamgedra vir wanneer die nood dreig. Hierdie bekering is nie die bekering wat F.W. de Klerk voor die 1994 oorgawe verkiesing gedoen het nie, maar is 'n geestelike bekering. Mnr. Terre'Blanchè plaas nou God-Drie-Enig eerste in sy lewe en maak Hom die leier van die AWB.

In hierdie artikel sal ons probeer om van die punte waarvoor die AWB staan, aan te haal. Nie alles verander nie, maar wysigings word aan die konstitusie, program van beginsels en grondwet aangebring en sal in gedrukte vorm versprei word.

Die Boervolk se reg tot selfbeskikking

Die AWB glo dat slegs volke die reg het om grond te besit en dat elke volk die reg het om homself te regeer, soos ook deur die resolusies van die Verenigde Nasies (VN) uitgestippel. Baie volksgenote het toegelaat dat hulle wysgemaak word dat Suid-Afrika nie hulle land is nie en dat hulle nie geregtig is op eie grondgebied nie. Grond kan nooit geëis word op grond van ras nie. Ons kan slegs grond eis omdat ons 'n volk is. 'n Volk kan nooit 'n minderheid wees nie, want hy verdien net soveel regte as die grootste volk ter wêreld. Deur aan die kommuniste se verkiesings deel te neem, maak ons van onself 'n minderheid deurdat ons aan 'n rassetelling deelneem. Die volk moet vry wil wees, en sy wil tot vryheid demonstreer, slegs dan kan ons vry word. Die ANC, DA, PAC en andere verteenwoordig geen volk nie. Hulle is partye wat glo in 'n "reënboognasie", waar die Boervolk altyd verwyte, beskuldig en vertrap sal word. Indien die Boervolk vry wil wees en glo dat hy geregtig is op 'n eie, vrye republiek kan niemand ons keer nie. Ons het 'n internasionale reg om onself te regeer in ons eie land, maar kan slegs hierdie reg opeis indien ons 'n volk bly, deur nie Suid-Israëliets te word nie. Ons moet glo dat ons 'n reg het om onself te regeer in 'n eie land.

Demilitarisering

Die Uitvoerende Gesag en Generale Staf van die AWB het mnr. Eugène Terre'Blanchè se voorstel om die AWB in sy totaliteit te demilitariseer op 'n vergadering verwelkom en aanvaar. Baie mense sien dit as 'n goeie stap en ander voel ons kan nie demilitariseer nie aangesien ons stryd om vryheid maar pas begin het. Verskeie redes het daartoe gelei dat hierdie stap geneem moes word. Een rede was om die beoogde wet op terrorisme voor te spring.

Wetgewing bestaan ook reeds wat para-militêre opleiding en strukture verbied. Indien die AWB as 'n terroriste organisasie geklassifiseer sou word, sal dit dramatiese gevolge vir sy leiers en lede inhou aangesien die wet aan die veiligheidsmagte so te sê onbepaalde magte gee om op te tree teen so organisasie en sy lede. Die AWB wil dus voorkom dat hierdie situasie kan ontstaan. Verder moes weggedoen word met ongedissiplineerdheid. Baie volksgenote se ouderdom en gesondheid tel teen hulle. Hierdie volksgenote moes dan deel word van 'n militêre struktuur terwyl hulle byvoorbeeld beter aangewend kon word op kulturele vlak of versorging van behoeftiges. Die doel met demilitarisering is nie omdat die AWB glo dat ons, ons eie republiek met gebed alleen sal verkry of dat militêre aksie nie nodig sal wees nie, maar omdat ons glo dat die Boervolk eers vry moet wil wees voor daar aan militêre optrede gedink kan word. Die Wenkommando's is voor die kommunistiese oornam gestig om die volk te beskerm en om 'n volkstaat af te dwing. Die volk is met die oornam mislei, deur sy eie (ver)leiers om te glo dat onafhanklikheid met onderhandelinge en 'n vermelding in die grondwet daarna, verkry sal word. Dit het en sal nooit gebeur nie. Baie volksgenote het ongelukkig afgesien van die reg tot selfbeskikking en glo dit sal nooit 'n werklikheid word nie. Die AWB wil hom as volksbeweging beywer om die volk bymekaar te maak, sodat ons as 'n verenigde volk die reg op grond kan opeis. Daar is baie volksgenote wat hulself nie as deel van die Boervolk beskou nie a.g.v. verskeie redes, soos opvoeding, humanisme, globalisering, morele verval, ens.. Geen militêre optrede gaan hierdie mense uit hul diepe slaap wakker maak nie, slegs die bevordering van nasionalisme en 'n volk se uitleef van sy beginsels kan hierdie volksgenote nog red. Die beveiliging van volksgenote kan egter nie aan bande gelê word nie aangesien geen wet 'n persoon of volk kan verhoed om homself te beskerm nie. Die Ystergarde is 'n eenheid wat onder andere verantwoordelik was en is vir die veiligheid rondom mnr. Terre'Blanchè en ander leiers. Hul funksie is ook om opleiding in selfverdediging te gee en na die beveiliging van volksgenote om te sien. Die Ystergarde kan nie ontbind word nie en kan ook nie beskou word as 'n militêre vleuel nie. Soos ander volke ook selfverdedigingsgroepe vorm, soos die Jewish Defence League, net so kan die Boervolk ook 'n groep vorm om homself te beskerm teen aanvalle en diskriminasie. Die Ystergarde gaan in die toekoms wel uitgebrei word. 'n Offensiewe strategie sal gevolg word.

Prakties uitvoerbaarheid

Praktiese uitvoerbaarheid Die AWB wil dat sy beleid prakties uitvoerbaar wees. Dit mag nie "iets" wees wat in die lug hang wat hopenlik eendag verkry sal word nie. Daarom sal die beleid van die organisasie gegrond wees op die tien gebooue. Die fisiese versorging van volksgenote is iets wat dringende aandag nodig het. Volksgenote verloor daaglik hul werk en jong Boerseuns en dogters kry nie werk nie a.g.v. diskriminasie teen hulle (regstellende aksie, "reshuffling", ens.). Selfwerkzaamheid moet aangemoedig word en opleiding moet aan volksgenote gegee word sodat ons werkverskaffers kan wees. Behoeftiges, bejaardes, gevangenes en hul gesinne moet versorg word en daarom gaan die AWB weer die volkshulpskema begin, wat met groot sukses in die tagtiger jare bedryf is. Kennis is geneem van ander organisasies soos Volkshulp 2000 wat reeds baie aktief is met die projek en die doel sal nie wees om mekaar teen te werk nie, maar aanvullend en ondersteunend. Die AWB het ten doel om die volk buite party politiek, wat verdelend van aard is en te blameer is vir waar ons volk hom bevind, bymekaar te bring. Die AWB verwerp enige vorm van party politiek en is uit die volk, vir die volk. 'n Organisasie wat die wil van die volk tot vryheid demonstratief wil openbaar, deur eendragtigheid en getalle te gebruik om ons volkereg, stap na stap, af te eis. Die tyd het aangebreek dat die Boervolk ernstig besin oor sy voortbestaan en soos die Apostel Paulus aan die gemeentes geskryf het om eensgesind te wees, so moet ons eensgesind wees onder mekaar en verenig teen kommunisme, 'n Nuwe Wêreldorde en enige ander dreg wat ons volkwees bedreig, tot eer van ons Skepper.

ISRAELIETE SE UITSPRAKE

As self 'n Israeliet, ag ek dit belangrik om ander Israeliete te waarsku teen onverantwoordelike uitsprake wat 'n valse gerusstelling by mense laat posvat. Uitsprake soos "God kan in 'n enkele woord ons verlos van wat ook al op aarde gebeur", "ons is een dood skuldig", "niks gebeur as dit nie die wil is van God nie", ens. is 'n bron van kommer. Hiermee kan ons nie sê dat mense wat so praat doelbewus besig is om 'n leuen te verkondig nie, maar onwetend plaas hulle ander en hulself onder 'n wanindruk.

Natuurlik kan God ons omstandighede in 'n oogwink verander, maar dit is nie Sy manier van doen nie. Sonder om profeet te speel kan ons net na die Bybel gaan en sien dat daar geen skrif is waar God sy volk verlos het deur middel van 'n enkele woord nie. Dawid sê in 2 Samuel 22: 30: "Want met U loop ek 'n bende storm, met my God spring ek oor 'n muur." Hy sê nie hy sit terug en God loop die bende storm nie. Net so kan die boer langs sy landerye sit, glo en bid tot hy dood neerslaan vir 'n goeie oes, maar as hy nie geplant het nie sal daar nie 'n oes wees nie. God help die wat hulself wil help!

Moord, dood, ongelukke, ouetehuse, hospitale, gebroke huwelike ens., ens. is nie God se wil nie. Die bewering dat dit God se wil is, is gelukkig 'n leuen. Min mense sou nog Israeliete gewees het indien dit waar was.

Baie vergeet dat ons op aarde lewe met die hoop op die ewige lewe daarna. Baie dink die lewe op aarde is nie belangrik nie, maar vergeet hier op aarde is ons proeflopie vir wat wag. Indien ons nie dit wat die Yahweh vir ons hier gegee het kan beskerm en oppas nie, hoe kan Hy ons vorentoe met meer talente vertrou. Baie Israeliete glo ons moet bid vir hierdie regering. Hulle sou as hulle kon, selfs die satan in die Hemel in gebid het; hom ook bekeer het. Dan was alles mos reg. Net so verspot soos dit mag wees, net so verspot is dit om vir 'n atëistiese regering te bid wat in konflik met God se insettinge is. Daar moet onderskei word tussen 'n regering wat 'n vriend van God is en 'n regering wat 'n vyand van God is. Met hierdie regering kan ons sien dat hulle ons straf is, omdat ons die Yahweh se insettinge vergeet het. Bid reg, bid dat God ons sal vergewe en ons sal verlos van hulle en ons weer 'n vrye volk mag wees.

GODSDIENSVRYHEID

Vir die kommuniste en liberalis beteken godsdiensvryheid godsdiensgelykheid, geen godsdiensuitlewering en uiteindelik goddeloosheid. Buiten dat alle godsdienste reeds gelyk gestel is, wat 'n oortreding van die eerste gebod is, mag kinders nie meer in godsdienste onderrig word in skole nie. Geen godsdiens oefening word toegelaat nie. Wat ons moet besef is dat ons 'n vreemde owerheid oor ons het. Ons wil so graag deel van die oplossing wees dat ons baie keer die probleem oorsien. 'n Vreemde owerheid sal nie in die belang van 'n ander volk optree nie. Die Boervolk kan alleen sy eie heil bepaal. Niemand kan jou dwing om engels te praat teen jou sin nie, niemand kan jou verbied om jou kinders in die insettinge van die Yahweh te onderrig nie. Jy is die bepaler van jou eie toekoms. Kinders word vandag op 'n veel jonger ouderdom blootgestel aan dwelmmiddels, seks en vreemde godsdienste, as 'n paar jaar gelede. Wat kommer wek, is dat ouers self nie meer toegewyd is aan godsdienste nie. Kinders word by Sondagskole afgelaai en later weer opgelaai. Die ouers selfs kom nie in die kerk nie. Kinders sien ook baie gou deur hul ouers wat sekere norme aan hul kinders stel, maar self nie daarby hou nie. Ouers wat nie toegewyd is om die Yahweh te dien nie, maar skynheilig is, laat ander en hul kinders na hulle kyk en sê: As dit is hoe Israeliete is, wil ons daarmee niks te doen hê nie. Ons kinders sal slegs word wat ons van hulle maak. 'n Kind kan nie op 'n jeugdige ouderdom vir homself besluit nie, maar sal die pad volg wat vir hom voorgehou word deur sy ouers. Die

volk het nodig om oor alle aktiwiteite wat sy voortbestaan kan beïnvloed, seggenskap te hê, en dit begin by die huis.

UIT DIE HART VAN 'N BOEREDEVANGENE

Ek kan my seker nie self roem as 'n Boerekrygsgevangene nie – maar miskien tog, ek kan my nie self roem as 'n politieke gevangene nie – maar miskien tog, ek kan my miskien nie roem 'n volksman wat vir ons Almagtige Vader in opstand gekom het nie – maar ek weet dat die wat teen Hom staan, in opstand is teen my en my mede beskuldigdes. Ek dank die Vader dat ek eerder hier in die tronk sit en aan Sy kant is, as om vry te wees en teen Hom te staan. Alle roem aan Hom!

Brig. P.W.Nel

'n GEDIGGIE VIR PA

In die tronk is Pa geplaas
Weg van die wêreld se geraas
Daar is 'n doel om te strewe
Ons kan nie op 'n hoop sit en lewe
Waarvoor die al ewige getreur
En die mense se gemurmureer
Alles net 'n gejaag na wind
Bedink die bedrywige hartjie van 'n kind

Lientjie Nel (14) – *dogter van Brig. P.W.Nel*

Eugène Terre'Blanche

GEBED VIR MY SEUN

Skep vir my asseblief 'n seun, o Yahweh, wat sterk genoeg sal wees om sy swakhede te ken, dapper genoeg om homself in die oë te kyk as die vrees hom oorval; iemand wat fier en ongeboë sal wees in regverdige neerlaag, nederig en minsaam in oorwinning.

Skep asseblief vir my 'n seun wie se wense nie sterker as sy daade sal wees nie; 'n seun wat U sal ken - en ook homself, want dit is die hoeksteen van kennis.

Lei hom, dit bid ek U, nie op die weg van gemak en gerief nie, maar onder die druk en spoorslag van uitdaging en moeite. Mag hy leer om sterk te staan in die storm; en gee hom deernis vir hulle wat faal.

Skep vir my, o Yahweh, 'n seun met 'n heldere hart wie se strewe hoog sal wees; 'n seun wat homself sal beheer voor hy beheer oor ander manne aanvaar; iemand wat voortreik na die toekoms, maar immer die verlede gedenk.

En wanneer hy al hierdie dinge deelagtig geword het, voeg dan op my gebed daarby 'n genoegsame humorsin sodat hy steeds by sy erns homself nooit alte ernstig sal opneem nie. Gee aan hom bowenal, o Yahweh, die eenvoud van ware grootheid, die ope gemoed van ware wysheid en die ootmoed van ware krag.

Dan durf ek, sy vader, fluister: "Ek het nie vergeefs geleef nie."

Generaal Douglas MacArthur (1880 - 1964)

(Vertaal deur G. F. Marais uit Engels) Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, ... Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is. ... wat vir 'n omkoopgeskenk die skuldige regverdig verklaar en die reg van die regverdige hom ontnem. Daarom,

Dè ROOIGROND TRONK

Dè Rooigrondtronk
Hier is 'n nuwe bandiet
vir sy mense is hy duur, jy vat hom verniet
gryp hom jou lemdraadbek
sluit jou dubbele traliehek
hok hom in jou toegestaaide sel
hand en voete geboei tot die are swel
Jou lemmedraad, snydend skerp
met nagswart skadus wat jou mure werp
sy gees kan jy nooit knel
in jou nageapte hel
Van agter jou diefdraad en vuil ruite
sien hy 'n stukkie bosveld buite
en word hy doringboom sterk
niemand sal die skaaf merke op sy
gewonde bas merk
en wanneer die droogte heimwee bring
dan dring sy penwortel dieper in
en drink van vervloë jare se herinnering

soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmekaarsak, so sal hulle wortels soos poeier word ... omdat hulle die wet van die Yahweh van die leërskaer verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het. Jes.5:20-24

In stille kuil onder skaduboom
dryf 'n kolgans al rustend na die spruit se soom
tussen vleitjiesriet en biesiepol
voel my gemoed oorloepens toe vol.

Ek knak my knie in die sagte lang gras
vra vir die Skepper, hou my tog vas
waar niemand my sien, net ek en U Heer
wees my genadig dra my hierdeur

Ek staar nog voort toe val 'n traan
probeer my hartseer stil vermaan
beur teen die knop, in my brandende keel
Hoe sal ek ooit die wonde kan heel.

Maak toe die afgrond, gee wysheid en krag
gun hom die liefde waarna hy smag
dra hom tog Yahweh deur hierdie moeras
genadiglik Vader hou hom ook vas.

Monument onder wanbestuur

In die vorige uitgawe van Storm het ons berig oor die oujaarsaand partytjie van Radio Tuks by die Voortrekkermonument. Die Bestuurder van Radio Tuks en organiseerder van die partytjie, Rian van Heerden het die artikel in Storm gelees (ja, Rian van Heerden lees ook Storm) en ons geskakel met sy kommentaar. Ons dra sy kommentaar met graagte aan u oor. Volgens Rian het hulle nie uitgegaan om die Monument of die volk te na te kom nie. Die beweegrede vir die partytjie by die Monument was om jongmense by die Monument te kry en om die Monument te help met fondse. Nagenoeg R19 000 is gespandeer aan sekuriteit en geen insidente van geweld het tydens die partytjie plaasgevind nie. Oor die drank misbruik het Rian bygevoeg dat die restaurant by die Monument ook drank verkoop. Op 'n vraag waarom daar juis besluit is om die Monument te gebruik, het Rian gesê dat finansies die oorwegende faktor was. Dit dan wat Rian van Heerden se kommentaar betref.

Drank word wel by die Monument in die restaurant aangebied en so ook in sommige kerke wanneer Nagmaal bedien word. Beteken dit ons kan nou partytjies, waar drank misbruik word, by die kerk hou? Ons het geluister wat Rian te sê gehad het en verstaan goed wat hy sê. Indien hy goed bedoel het, is ons baie bly, maar ons vra mooi, respekteer die Boerevolk se heiligdom. Die Voortrekkermonument is deel van ons ooreenkoms met die enigsteware God, in ruil vir wat hy vir die Boere laer gedoen het. Indien julle nie saamstem daarmee nie, is dit jammer en ons sal nie ons wil op julle afdwing nie, maar moenie ons en ons God tart met hierdie soort van optrede nie. Ons is aan Hom meer gehoorsaam as aan menslike wette en sal sy eer beskerm.

'n Vraagteken moet nou oor die bestuur van die Voortrekkermonument geplaas word, want dit wil voorkom asof die probleem daar lê. Het die volk se heiligdom nou 'n lekker goedkoop

Lesse vir die boere-Israeliet

ie onmeetlike gewetenlose onbillikheid van die swart volkere van Afrika, sal seker nooit weer so akkuraat geïllustreer kan word, soos wat ons gesien het die pasafgelope verkiesing in Zimbabwe nie. Nie alleen is getoon hoe die intimidasie voor en tydens die verkiesing toegesmeer is, die stemproses vertraag is in gebiede wat vir Mogabe teengaan en stemreg aan blankes geweier is op grond van hul velkleur nie, maar veel meer betekenisvol, was die gevolge wat deur die Zimbabwe-regering geheg is aan die uitslag van die internasionale-onwettigverklaarde korrupsie verkiesing.

Anders as wat in normale eerlike en regverdige verkiesings die geval is, is die party wat verloor het, nie gelaat om sy eie wonde te gaan lek nie, maar op grond van die wete in elke waarnemer en deelnemer se agterkop, moes die "oorwinnaar" en die "verloorder" mekaar ontmoet om samewerking te bespreek. Die bereidwilligheid van die diktator Mogabe om sulke samesprekings toe te laat en daaraan deel te neem, is niks anders nie as 'n erkenning dat sy party tragies verloor het.

Die vraag is nou, wat leer ons in SA uit hierdie verkiesing. In die eerste plek is dit vir eens en altyd duidelik dat die wantroue wat die witman van Afrika gehad het in die sin vir geregtigheid van die Swartbevolking van Afrika, toe nooit 'n rassekwessie was nie, maar 'n realiteit wat deur hierdie verkiesing aan die (voorheen kritiese) wêreld prakties ten toon gestel is.

Onweedens moet ons finaal aanvaar - elke meganisme wat deur die beskawing daar gestel is om vreedsame nasionale naasbestaan te bewerkstellig, is nie bestand teen die aanslag van die Afrika Swartes nie. Self s die internasionale miskenning van die geldigheid van hierdie verkiesing, skeel hulle min. Dit bied ook vir ons 'n verklaring vir die stamgevegte wat die blanke pioniers hier in Suider Afrika aangetref het sowat twee eeue gelede.

Die SA regering het homself binnelands groot kritiek op die hals gehaal toe hy geweier het om homself uit te spreek teen die grondonteiening in Zimbabwe. Dit het ook in die internasionale omgewing die vraag laat ontstaan of SA werklik teen barbaarse skending van Apr - Mei 2002

Die Feministiese Leun

Sedert die sestiger jare het feministiese idees soos 'n vloedgolf oor die gemeenskap gespoel. Akademici, vermaaklikheidskunstenaars, geestelike leiers, politici en die media is saamgesleep terwyl die tradisionele begrip van die huwelik, familie en seksuele rolle verwerp of radikaal gewysig het. Terwyl slegs 34 persent van jong vroue identifiseer met die idees van feminisme, het 'n veel groter hoeveelheid vroue feminisme aanvaar. Gelyke betaling, gelyke geleentheid en gelyke regte is verantwoordelike idees, maar feminisme het ook 'n donker kant. Die radikale agenda van feminisme word verbloem.

Die wortels van feminisme

Die wortels van feminisme kan terug getrek word tot die sosiale verandering wat voorgekom het in Amerika en Brittanje in die 1800's. Na die afskaffing van slawerny het die status van die vrou onder die vergrootglas gekom. "Vroue was sonder mag. Hulle het geen wettige regte gehad nie, hulle kon nie eiendom besit nie, in die geval van egskeiding kon hulle nie toesig oor die kind kry nie. In sekere provinsies was dit 'n groter misdaad om vee te steel as om 'n meisie te verkrag.

"Die feministe beweging in die Westerse kultuur is verbind tot die stadige teregstelling van Christus ... ons vroue gaan 'n einde bring aan God."

Die eerste golf

Vroue wat by die eerste golf van feminisme aangesluit het, het gelyke regte gesoek – om as menslike wesens erken te word – nie as eiendom gereken te word nie. Bykomend om stemreg te verkry, het vroue teen drank misbruik, dwelm smokkelary, kinder arbeid, uitbuiting van die armes, gevaarlike werkomstandighede en die groot verskil in salaris en lewens standaarde tussen ryk en arm, 'n veldtog geloods. Baie vroue wat feminisme voorgestaan het, was ten gunste van familie en teen egskeidings.

Veel later het feminisme sy donker kant begin toon. Feministe soos Elizabeth Cady Stanton het die Bybel en ortodokse Israeliete gesien as die regte oorsaak van die onderdrukking van vroue. In haar boek *The Woman's Bible* (1985) voer sy aan dat die Bybel nie die geïnspireerde woord van God is nie, maar dat dit gemanipuleer is deur manlike vertalers. Stanton het ook aangevoer dat in Amerika hulle "'n staat het sonder 'n koning, 'n kerk sonder 'n Pous en nou sal hulle bewys dat dit moontlik is om 'n familie te hê sonder 'n God ingestelde hoof". (*The Woman's Bible*, Fritzsche, 1993 p. xviii) Sy het vroue aangemoedig om te "rebellieer" teen die idee van 'n "hemelsingestelde onderdanigheid".

Die tweede golf

In die tweede golf wat in die 1960's begin het, is die huwelik en die tradisionele familie lewe geteiken. Vroue is dit wysgemaak dat die huishoudelike rol minderwaardig en beperkend is. Die vrou, Betty Friedan het vroue aangemoedig tot die brawe nuwe wêreld buite die huis. Betty Friedan beskryf die gesinslewe as 'n "gemaklike konsentrasiekamp" in haar boek *The Feminine Mystique*. Sy beskryf haarself as 'n "vasgevangde huisvrou" en dat sy soos 'n "frats ... passief en eenkant" voel as gevolg van die vroulike geheimsinnigheid wat vroue as die man se vrou en die kind se moeder identifiseer. Friedan voer aan dat vroue se ware verwesenliking en identiteit in 'n beroep buite die huis lê. Haar boodskap het byval gevind by 'n gehoor wat verlief was op vryheid eiendomsreg gekant is of nie en tot nog toe was die vraag

Afrikagang, Kreeftegang

Nooit sou die eertydse JA-stemmers in die tyd van de Klerk in hul wildste drome kon dink dat die ekonomiese agteruitgang in Suid-Afrika dié afmetings sou afneem waarvan hulle (wat nog in ons land is en nie stert tussen die bene op vlug geslaan het nie) vandag die getuies is nie. Ons land het sedert die bewindsoorname van die kommunistiese ANC-regering 'n dramatiese gedaanteverwisseling ondergaan. Suid-Afrika, die eertydse ekonomiese reus van Afrika, die tegnologiese leier in die wêreld, die nie-amptelike kernwapen-moonheid, die toonaangewende voorloper onder die wetenskaplikes van die eerste wêreldlande op vele terreine, het nou binne enkele jare verander na 'n patetiese internasionale veragtelike bedelaar - 'n veragtelike bedelaar wat te midde van wanadministrasie en korrupsie in sy regering en nou verbintnisse met die mees gehate internasionale terroriste

op aarde, nou ook selfs die geringste sweempie van simpatie van die rykste weldoener-lande in die internasionale arena verloor het.

Soos wat die versteuring in die ekologiese balans in die natuur met 'n rimpel-effek gevolge te weeg bring wat nooit aanvanklik voorsien is nie, so ook het die wegdoen met 'n bewind van kundige blankes, koste-implikasies ingehou waarvan slegs finansiering gevind kan word in fiktiewe bronne wat oor die potensiaal beskik om die bodemlose putte van die Afrika (waarvan Suid-Afrika se ekonomie nou 'n volwaardige lid is) te val.

Soos klein kindertjies wat in die sand speel en vir hulleself miniatuur-modelle bou van wat hulle in die werklike lewe gesien het, moes die ou SA se tallose hyskraan torings van konstruksiematskappye wat wolkekrabbers in ons stede opgerig het tydens die "wit regime", plek maak vir halfgeskoolde troffel-operateurs wat die heuwels van ons mooi land oortrek met tallose bouvallige pondokkies.

Die miljarde rande se spoorlyne en spoorweg-infrastruktuur lê landswyd bykans onbenut, omdat die "regstellende aksie" personeel wat deur die vervoerdienste aangestel is, klaarblyklik nie oor die vermoë beskik om aan dit wat oorgebly het van die ontwikkelde SA, 'n betroubare en stiptelike vervoerdiens te lewer nie. Die argitekte van die "nuwe SA" het buite rekening gelaat dat die omvang van die skoonmaakwerk, herstelwerk van vandale se vernietiging en beveiliging van passasierstreine tesame met die verlies van stiptelike diens, tot die ondergang van 'n passasierstreindiens sou lei. Eweneens het van die bykans onhanteerbare goedereverkeer van ons land se spoorweë van dertig jaar gelede niks oorgebly nie, omdat die patetiese (regstellende-besoedelde) vervoerdiens net nie in die "nuwe SA" kon beantwoord aan die ontwikkelde standaard wat destyds in die "ou SA" gehandhaaf is nie. Die momentum van die agteruitgang raak buite beheer en die totale eens magtige SA Spoorweë en Hawens word gedwing tot die punt waar die inkomste wat deur die afgewaterde aanvraag gelewer word, te min sal wees om 'n sinvolle voortbestaan te regverdig. Dan is dit ook logies dat die volgende stap (wat so goed aan ons bekend geraak het sedert 1994, naamlik die verkoop van spoorlyne vir afval-metaal) fluks gevorder het.

Met die "betroubare" spoorvervoer, moes nyweraars hul wend tot die veel duurder, maar minstens meer betroubare padvervoer. Ook hierdie "oplossing" was tydelik van aard, want gou het die land se paaie - wat nie van staal gebou is nie - begin tot niet gaan want gou het die land se paaie - wat nie van staal gebou is nie - begin tot niet gaan. Die "nuwe SA" het nou maar eenmaal nie oor die vermoë beskik om enige iets konstruktief en nuttig tot stand te bring, of om dit in stand te hou nie en ons land se paaie was geen uitsondering op hierdie reël nie. (In hierdie een opsig moet die regse gemeenskap in SA erken dat die liberale Sandton inwoners 'n beter visie oor die "nuwe SA" gehad het toe hulle by voorbaat 4X4 voertuie gekoop het om in die stad mee te ry). Nooit is deur die argitekte van die "nuwe SA" in berekening gebring dat die instandhouding en die herbou van paaie vir die nuwe SA onbekostigbaar sou raak nadat "ruimte" vir diefstal, wanbestuur en korrupsie gemaak is nie. Die kritiese kultuurverskille tussen die "ou SA" en die "nuwe SA" maak die probleem nog meer kompleks. In die "ou SA" is paaie herstel en in stand gehou. In die "nuwe SA" word - miskien nou wel uiteindelik - 'n waarskuwingsteken opgerig teen slaggate. (Die fabriek wat hierdie waarskuwingsborde vervaardig is blykbaar die enigste fabriek wat in die "nuwe SA" vooruitgang maak - tot die geld vir die aankoop daarvan op is). Waar besope voetganger "landgenote" op die diamant-roete by Warrenton in die Noord-Kaap op die hoof weg- verb ypad onder motors beland, word 'n paar borde deur die verkeersowerhede staan gemaak en die hoofweg se verkeer van 120km/uur tot 60km/uur verlaag. Dit bied blykbaar (volgens die "nuwe SA") 'n beter oplossing as om 'n duikweg onder deur die pad te bou. Daarmee word Afrika- tyd uitgebrei na Afrika se (onder?) ontwikkeling en Afrika- spoed.

Die vraag ontstaan wanneer die "nuwe SA" en sy voormelde-eie drog-verskynsels, tesame met die aantasting van ons Israelietiese godsdiens, die onbeskryflike agteruitgang in elke staatsdiens departement, die alombekende misdaad-toename, munisipale bankrotskappe, rassediskriminasie teen blankes in die werksplek en personeelwerwingskantore, vertrapping van die Boere-Israeliet se taal en hospitale (wat met regstellende aanstellings alles verkeerd gestel het), onbeskofte en onbekwame optrede deur "regstellende" aanstellings in die staatsdiens, die onbepaalde vermorsing van die belastingbetaler se geld, die dwang op blankes om die werk van anderskleuriges te doen in die staatsdiens om hul werk te behou, die toeken van werkskontrakte deur die staat op grond van tenderaars se velkleur en vuil stink strate in die stede (om maar 'n paar te noem), wanneer gaan hierdie verskynsel die Boere-Israeliet laat beseft dat sy assimilasië in hierdie milieu, sy ondergang as volk beteken.

U moet 'n keuse maak - wil u deel wees van hierdie "reënboognasie" waarin die ANC u wil indwing, waar dit so vuil en agterlik soos wat ons dit nou ervaar, waar swart in die grootste deel van daardie reënboog voorkom. Of kies u om met u eie mense om te gaan wat gewoon is aan die ontwikkelde norme en standaard wat eie was aan die "ou SA", wat die respek van die wêreld afgedwing het, wat ruimte gelaat en 'n basis gebied het vir selfrespek in die internasionale arena en wat Israelietiese fyn beskaafde opgevoede landsburgers verwelkom en respekteer het?